

PASTORALE BRIEF



AAN AL DIE PREDIKANTE VAN DIE NOORDELIKE SINODE

Kollega,

Ons het die afgelope week aan jou en jou gemeente gedink. In die lig van die gebeure in die afgelope tyd op Senekal, sowel as verskeie ander voorbeelde van plaasaanvalle, o.a. op Dendron, het die moderatuur en die ringsvoorsitters 'n Zoom-gesprek op Woensdag 21 Oktober gehou. N.a.v. die gesprek deel ons graag die volgende met jou:

1. Hoewel die konteks grootliks verskil, ervaar sowel die platteland as die stad 'n diepe besorgdheid oor plaasmoorde, asook oor die onaanvaarbare vlakke van misdad, geweld en korrupsie in alle dele van ons land.
2. Die Noordelike Sinode wil as geloofsfamilie graag haar opregte meelewing betuig met almal wat op een of ander manier hierdeur geraak word.
3. Die onsekerheid, pyn, frustrasies en gevoelens van magteloosheid wat hiermee gepaard gaan, is 'n werklikheid wat ons nie durf gering skat nie.
4. Die komplekse aard hiervan maan ons almal om versigtig te wees vir kitsantwoorde en ondeurdagte optrede. Hierteenoor wil ons, ons opnuut verbind om met inagneming van ons eie gebrokenheid, ons uiterste bes te doen om met begrip te luister en om te gee.
5. Ons het baie groot waardering vir dit wat gemeentes doen om hulle lidmate te ondersteun en deel te wees van oplossings. Wanneer jy as dominee praat en doen, dan is jy die stem en hande van die kerk op die grond.
6. Ons as geloofsfamilie in die Noordelike Sinode het mekaar nodig en moet sonder huiwering mekaar se hande vat. Dit is ook noodsaaklik dat ons dit oor kerk- en kultuurgrense heen sal doen.
7. Die moderatuur is beskikbaar om te luister, teenwoordig te wees en te help waar ons kan.
8. Kom ons hou aan om vir mekaar en vir ons land te bid. Ons het daarom aan die einde van die Zoom-gesprek die volgende gebed vir jou en al jou mense gebid:

Hoor ons bid, o Heer, vir ons land en al sy mense.

Ons is ontsteld oor die geweld en gebrek aan respek vir lewe wat ons oral rondom ons sien.

Ons harte gaan uit na mense wat op plase woon en werk. Ons weet dat hulle kwesbaar is en selfs weerloos voel.

Ons dank U vir gemeentes wat met woord en daad meeleeft met mense wat swaarkry.

Ons dank U dat ons mekaar het.

Ons bid vir wysheid en onderskeidingsvermoë. Laat wat ons dink en doen, U koninkryk laat kom.

Heer, wees ons genadig.

Amen

Mag die genade van ons Here, Jesus Christus, die liefde van God ons Vader, en die gemeenskap van die Heilige Gees, met jou wees!

Groete,

DIE MODERATUUR